

VERLOËNINGSGEBED: Ossewa Brandwag



Efesiërs 6:10-12 “Verder nog dit: *Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.*”

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is 'n produk van Kanaan Ministries, 'n nie-winsgewende bediening onder die dekking van Roly, haar eigenoot vir meer as 40 jaar.

*Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van Y'shua HaMashiach¹ / die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.*

Vir verdere inligting of die plaas van 'n bestelling, kontak ons asb. by:

Tel: +27 (0) 60 825 5780
Faks: 086 681 9458
e-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org

Kantoorure: Maandag tot Vrydag, 9vm - 2nm

Nederland

Priscilla Boiden: Media Manager Europe
email: orders@kanaanministries.nl

Kanaan International Website

Website: www.eu.kanaanministries.org

¹ Betekenis: The ANOINTED one

Table of Contents

Voorwoord	4
<i>Riglyne om die afseelgebede te gebruik ...</i>	<i>5</i>
<i>Verklaring van vertrouwe in YHWH se Beskerming</i>	<i>7</i>
Afsël gebed VOOR Berading	8
Inligting	10
Verloëningsgebed: Ossewa Brandwag	14
Afseël gebed NA Bevryding	17
SEëN	18

Voorwoord

Hierdie gebede is opgestel soos sekere aspekte vir ons persoonlik duidelik geword het in die Woord van YHWH en uit ondervinding wat ons opgedoen het in die beradingskamer.

Ons wil geensins hiermee diskrimineer teen enige persone, organisasies en/of politieke partye nie en ons vra ook dat U hierdie boek uit hierdie hoek sal benader.

Wat beteken dit om iets te verloën?

Dit beteken om persoonlike verantwoordelikheid te neem oor iets uit jou verlede en om self hierdie saak aan te spreek en te verwerp. Jy sal nodig hê om die wortel van die saak te gaan navors en dit by sy oorsprong te gaan vernietig en af te sny. Jy weier om enige verdere erkenning daaraan te gee. Deur die oorwinning wat Y'shua² aan die kruis behaal het, kan ek in Sy Naam en deur die Krag van Sy Bloed weier dat enige vloek verdere effek op my lewe het. Die vloek word deur Y'shua se Bloed letterlik gekanselleer.

Sy Woord sê:

Spreuke 28:13 *"Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind."*

Ons het gesien hoedat mense bevry word van afgodery en demoniese verbonde waarvan hulle selfs onbewus was, nadat hulle dit bely het en om vergifnis gevra het en weggedraai het daarvan. Ons ervaar hierdie afgodery en demoniese verbonde as 'n aanval teen die Liggaam van Y'shua.

2 Korinthiërs 4:2 *"Maar ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen, en ons wandel nie in listigheid of vervals die Woord van GOD nie; maar deur die waarheid aan die lig te bring, beveel ons ons by elke menslike gewete voor GOD aan."*

Y'shua roep ons om aktief te soek na vryheid en heling - ten spyte van ons gebrokenheid.

YHWH se WOORD belowe ons:

² *Y'shua* (Hebreeus) is Jesus se regte naam wat beteken "REDDING"- wat beteken: bevryding, redding, veiligheid, welsyn. Ons het geen probleem met die naam "Jesus" nie - dit is bloot die Griekse transliterasie van "Y'shua". Jesus is die naam waarmee die meeste van ons groot geword het. Onthou tog dat Y'shua was 'n Jood van die Stam van Judah, nie 'n Griek nie. Dit gaan min of meer so ... wanneer jy iemand se regte naam ken dan wil jy dit gebruik, daarom gebruik ons *Y'shua* in plaas van Jesus. Nog 'n baie sterk rede om *Y'shua* te gebruik is dat elke keer wat jy Sy Naam sê, proklameer jy die woord "REDDING". Jy sal ook oplet dat in sekere plekke gebruik ons die regte Naam van die VADER, YHVH. Die Naam word opgemaak deur die Hebreeuse letters, **Yod-Hey-Vav-Hey**, en word algemeen uitgespreek as "Yahweh" of "Jehovah". Ons herhaal deur te sê ons het gekies om hierdie Naam te gebruik omdat YHVH is die VADER se regte Naam.

Jesaja 54:17 “Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die Here en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die Here.”

Riglyne om die afseelgebede te gebruik ...

Jakobus lig dit vir ons uit dat daar twee stappe is om van binding bevry te word:

Jakobus 4:7 “Onderwerp julle dan aan GOD; **weerstaan** die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.”

Hierdie twee stappe behels:

1. Belydenis van jou betrokkenheid (al was dit onaktief).

Dit is verkieslik dat daar twee getuies, waarvan die een 'n opgeleide berader moet wees, teenwoordig is wanneer hierdie gebede gedoen word. Die getuies staan saam en getuig saam met die persoon wat bevryding wil ontvang. Hierdie gebede is ook proklamasies en ons wil jou aanmoedig om dit openlik en in geloof te doen, onder die beskerming van die Bloed van Y'shua.

Jakobus 5:16 “Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.”

Jy het nou net die eerste gedeelte van die gebede gehanteer. Die volgende is van kardinale belang en dit is waarom dit so belangrik is dat 'n opgeleide berader teenwoordig is.

2. Oorlogvoering ... staan op teen die vyand.

Soos wat die Heilige Gees dan tydens die gebede sekere waarhede uitlig, tree die berader nou saam met die betrokke persoon op en begin met geestelike oorlogvoering - vandaar ons gevoel dat dit belangrik is dat daar 'n opgeleide berader betrokke moet wees.

Met die skryf van die gebede het ons sekere belangrike woorde uitgelig, soos die betrokkenheid van die magte van die duisternis - dit is baie belangrik dat dit spesifiek gehanteer moet word.

Hierdie magte word tereggewys, uit die bloedlyn verwyder en na die Voete van Y'shua gestuur. Onhou om die persoon los te sny van mensgemaakte wette en van instellings en betrokke organisasies.

Onthou, **hierdie gebede is slegs riglyne**. As daar konsepte of afdelings is wat die Heilige Gees vir jou uitlig wanneer jy bid, wil ons jou aanmoedig om die Heilige Gees te vra om jou te lei vir die deurbraak.

Onthou **HY** is ons Volmaakte Leermeester en Berader.

Psalms 110:1 “Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my Regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n Voetbank vir U Voete.”

Hebreërs 1:13 “En aan watter van die engele het Hy ooit gese: Sit aan My Regterhand totdat Ek u vyande gemaak het ‘n Voetbank van U Voete?”

Hebreërs 10:13 “Maar Hy...wag nou verder totdat sy vyande gemaak is ‘n Voetbank van Sy Voete.”

3. Restourasie met die Koninkryk van YHWH.

Ten slotte en uiters belangrik moet die persoon **aangemoedig word** om hom/haar aan die Wet van die Messiah te verbind en daaraan gehoorsaam te lewe.

Galásiërs 3:10 “Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.”

Ons sluit af deur U te seën met YHWH se Woorde:

Mag Hy jou SKILD, jou LIG, jou VREDE (shalom) wees. Mag Hy jou in alles oorwinning gee, en mag jy sy weë ken en SH'MA³ (luister en doen)!

Sy seën oor jou toegebid!

³ Vir verdere studie raadpleeg die artikel “**Sh’ma - A Heraic Concept That Everyone Can Embrace**” deur Willieam G Bullock, sr. Beskikbaar op die webwerf.

Verklaring⁴ van vertroue in YHWH se Beskerming

Geen wapen teen ons gesmee sal stand hou nie en elke tong wat teen ons opstaan in oordeel, veroordeel ons. Dit is ons erfdeel as diensknegte van Messiah Y'shua en ons geregtigheid is van U. Diegene wat teen ons gepraat of gebid het, of probeer het om ons skade of boosheid aan te doen, of wat ons verwerp het, vergewe ons, en ons seën hulle in die Naam van Y'shua.

Matthéüs 5:43-45 *“Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; Sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.”*

Romeine 12:14 *“Seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie;”*

Nou verklaar ons, Vader, dat U alleen ons VADER is, en dat daar buiten U, geen ander is nie - 'n regverdige HEERSER en Redder, die Vader, die Seun en die Gees - en ons aanbid U!

Ons onderwerp onself opnuut aan U op hierdie dag in onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Nadat ons ons aan U onderwerp het, Vader, doen ons soos U Woord voorskryf. Ons weerstaan die duiwel: al sy druk, aanvalle en misleidings, elke instrument of agent wat hy teen ons probeer gebruik. Ons onderwerp ons nie aan hom nie! Ons weerstaan hom, dryf hom van ons af weg en sluit hom uit van ons, in die Naam van Y'shua. Spesifiek verwerp en weerstaan ons enige siekte, pyn, infeksie, inflammasie, kwaadaardighede, allergieë, virusse en enige vorm van toordery.

Laastens Vader, dank ons U dat deur die offer van Y'shua aan die kruis, ons nou nie meer onder die vloek is nie, maar ingegaan het onder die seën van Abraham, wie U seën in alle dinge — verhoging, gesondheid, voortplanting, voorspoed, oorwinning en YHWH se guns.

Galásiërs 3:13-14 *“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word - want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang - sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.”*

AMEN!

⁴ Original English version written by Derek and Ruth Prince

Afsël gebed VOOR Berading

(Voor Bevryding, Geestelike Oorlogvoering, Berading, Kursusse, ens.)

Hemelse Vader, ons kom na U in die Naam van Messiah Y'shua van Nasaret. Ons dank U dat U Almagtig is, en ook die Groot EK IS. Ons dank U dat U aan ons die Heilige Gees gegee het as Berader, Helper, Advokaat, Leermeester en Verlosser. Ons dank U vir U teenwoordigheid en U bevrydings-salwing. Dit sal die salwing wees wat die juk verbreek. Kom en vul ons met U Gees, medelye, liefde, onderskeiding, woord van kennis, wysheid, vertolking en insig.

Ons as U kinders, kies om die vlees te kruisig sodat niks van onself hier oorgedra word nie. Ons beklee onself met U priesterlike klere om die roeping wat U op ons lewens het, te vervul. Maak asseblief ons geestelike oë en ore oop, Here.

Dankie Vader, dat U aan ons al die mag oor die vyand gegee het, en dat niks ons kan skade aandoen nie. (**Lukas 10:19**).

Heilige Skepper, in die naam van die Ware Messiah Y'shua van Nasaret en kragtens **Judas 8-10** (NIV), vra ek U om alle bose hemelse wesens uit die weg te skuif en om hulle te verbied om te teister, intimideer of weerwraak te neem teen _____ of enige gedeelte van hom/haar, hetsy binne die liggaam of buite die liggaam. Ons petisie U verder om hierdie wesens te verhoed, van watter rang ook al, om enige vlak van geestelike boosheid te stuur as weerwraak teen enigiemand hier teenwoordig of ons gesinne, families, bedieninge of besittings. Ons vertrou U, ons Soewereine GOD, om dit veilig te maak om vandag hier te werk in die naam van die Ware Messiah Y'shua, ons Verlosser.

Daarbenewens, beoefen ek die gedelegeerde outoriteit van die Opgestane Messiah Y'shua van Nasaret, oor al die laer vlakke van bose geeste en demone wat aangestel is oor _____ (persoon se naam) deur enige hoër vlakke of enige menslike agentskap. Geen sulke demoniese wesens word toegelaat om te verdeel nie en word nou geskei van elke menslike deel van die persoon, of enige gedeelte nou binne in die liggaam waargeneem word, of vasgevang is buite die liggaam. Niks van die bose geestesrealms mag krag oordra na enige ander geeste nie en ook nie vra vir versterkings nie, en moet gebind bly, totdat Vader hulle verskoon. Ek verbied hulle om te martel, pynig, teister, intimideer of om weerwraak te neem teen _____ (naam). Ek doen hierdie dinge in die naam en outoriteit van die Ware, Lewende Messiah Y'shua van Nasaret, en ek is verheug dat my naam geskrywe staan in die Lam se Boek van die Lewe.

Ons verbied enige inmenging met die werk van die Heilige Gees, in Y'shua se Naam.

Vader, ons kom te staan teen enige kommunikasie-lyne (volgens **Efesiërs 6:12**) tussen die magte, wêreldheersers, owerhede, geestelike magte en demoniese magte in die lug, op die aarde, in die hemelse sferes en onder die aarde. Ons maak alle in- en uitgange toe, in die Naam van Messiah Y'shua.

Ons vra dat alle geestelike kameras en opnemers vernietig sal word in JESUS Naam. Ons kom te staan teen enige hekse, toordokters, towenaars en goëlaars in die Naam van Messiah Y'shua.

Ons sny alle kommunikasie met satan self en maak die deure toe in die Naam van Y'shua.

Ons verbied enige gees van buite om hierdie plek binne te kom vir watter rede ookal, en ons verbied enige bose gees om na enige ander plek of persoon gestuur te word as gevolg van wat hier gebeur.

Ons verbied nou enige versterkings komende van satan, in die Naam van JY'shua. Vader, ons vra dat U verwarring sal skep in die vyand se kamp.

Vader, ons vra U om U oorlogs-Engele op te stel in hierdie vertrek en enige mensgees, gestorwe mensgees, geestesleier, of familiêre gees te arresteer en hulle te verwyder tot onder die voetbank van Messiah Y'shua ons Verlosser.

Ons bind elke bose gees in hierdie plek en verbied enige geweld, manifestasies en pynigings, in die Naam van Messiah Y'shua. Ons weier enige meditasie-sirkels, en isoleer enige mag van demoniese kragte van mekaar, in die Naam van Messiah Y'shua. Ons verbied en bind enige hipnose en self-hipnose, meditasie en psigiese kragte, in die Naam van Messiah Y'shua van Nasaret. Ons isoleer die magte van mekaar, in Y'shua se Naam.

Ons reinig die 4 elemente, water, aarde, lug en vuur, met die Bloed van Y'shua. Ons vra U, Vader, om alle spieëls te bedek met die Bloed van Y'shua en alle toegange af te seël in Y'shua se Naam.

Ons kom te staan teen enige vloeke, rituele, oproepinge, towerspreuke, offerandes of altare wat teen ons en die persoon opgerig staan, in Y'shua se Naam.

Dankie dat U nou alle kerse uitblaas wat teen ons aangesteek is in rituele, in Y'shua se Naam. Dankie dat U alle vloeke omdraai in seëninge. Vader, ons vra dat U hierdie vertrek afseël met die kosbare Bloed van Y'shua, en dat U ons sal wegsteek in die Gees en verklaar hierdie vertrek as Heilige Grond. Vader, ons vra dat U dienende Engele sal stuur om ons te bedien in Y'shua se Naam, volgens **Hebreërs 1:14**.

Ons gee oor aan U, Heilige Gees van YHWH, omdat ons weet dat dit nie deur krag of geweld hoof te wees nie, maar deur die Gees, sê U Woord (**Sagaria 4:6**).

Ons vra dat U ons geliefdes bedek en plaas alle omstandighede onder U beheer en beskerming (ons finansies, huwelike, verhoudings, bedieninge). Ons bind nou satan se koninkryk hier op aarde, net soos dit gebind is in die Hemel.

Ons vra U, Vader, om die hemelse hofsaal voor te berei en dat al die demone en familiêre geeste sal kom en hul plekke inneem. Ons vra U, Vader, om die Regter te wees, Y'shua die Advokaat en die Heilige Gees die Getuie. Dankie vir U Woord in **Openbaring 12:11** wat sê dat ons die vyand oorwin het deur die Bloed van die Lam en die Woord van ons getuienis, in Y'shua se Naam.

AMEN

Inligting

Die OSSEWA BRANDWAG was 'n semi-militêre organisasie gebaseer op die ongoddelike doktrines van Nasionale sosialisme soos ingestel deur Hitler en die Nazi Party.

Bloed Eed

Lede het 'n ongoddelike eed geteken in hul eie bloed, wat die ems van hul verbondenheid aan Hitler en sy verteenwoordiger, Robey Leibrandt verklaar het, onder die banier: "*Vir Volk en Fuhrer*".

As nasionale sosialistiese rebelle het hul hulself verbind tot:

- om die land in totale chaos te bring
- om Genl. Smuts te elimineer en sy vrou te ontvoer
- om Sir Ernest Oppenheimer te elimineer asook alle Jode
- om alle myn- en kommersiële belange te verwyder uit die hande van die Jode
- om die Eerste Minister te vermoor,
- en om alle kabinetsministers te arresteer en te ontsetel
- om die mag van die Britse Ryk in SA te verbreek.

Daar is 'n geheime eed van lojaliteit afgelê deur die binnekring van geharde stormtroepe, gesweer met die een hand op die Bybel en die ander op 'n rewolwer, gerig op sy bors en 'n ander een gerig op sy rug.

Hulle het onderneem:

- om getrou alle opdragte onmiddellik uit te voer en onder 'need van geheimhouding
- om vrywilliglik te sterf in diens van Volk, Vaderland, Hitler en Leibrandt
- om alle daad van verraad te wreek
- om vrywillig prooi te wees in geval van verraad
- om die dood van 'n mede-stormtroep te wreek
- om hulself te verbind tot daad van sabotasie
- om bankroewe uit te voer onder die kode naam "Operasie Karlowa" (Genl. Rudolf Karlowa - die vader van Nazisme in Suid-Afrika)
- om te help met die implementering van Operasie Weissdom wat Suid-Afrika sou oorspoel in 'n opwelling van Nazi-geinspireerde geweld soos uitgevaardig deur Adolf Hitler persoonlik.

Verdere betrokkenheid was by organisasies soos:

- die Nazi Party en die Thule vereniging: Himmler se SS Party
- die Schwarze Korps, die amptelike orgaan van die SS Swart Hemde
- die Abwehr: die intelligensie- en sabotasie diens van die Duitse Hoë Bevel
- die Dienstalle Ribbentrop: die diplomatieke diens
- Stormjaers / stormtroepe gebaseer op die 'Sturmabteilung'.

Bloedverbond soos geskryf deur Robey Leibrandt

Uittreksel geneem uit "Vir Volk en Fuhrer" bl 130-131.

..... Leibrandt het die opgevoude stuk papier uit sy sak gehaal. "Hendrik, ek moet aan jou my laaste geheim openbaar. Ek het jou nog nie vertel nie, dat ek 'n eed geskryf het, en wat een en elke rekrut vir Weissdorn sal moet onderteken in sy eie bloed. Dit is geheel en al bindend. Daar is geen omdraai as dit eers onderteken is nie. Ek sal dit aan jou lees en dan vra of jy dit verstaan en of jy dit wil onderteken. Indien jy wil, moet jy dit onderteken met jou eie bloed." Leibrandt het begin lees:

"My doel en worsteling is vir die vryheid en onafhanklikheid van die Afrikaner nasie in Suid Afrika, en die instelling van 'n Nasionale sosialistiese Staat met die ideologieë van Adolf Hitler, aangepas by die karakter van die Afrikaner nasie. Ek erken dat slegs 'n nasie wat veg vir sy regte, 'n reg het om te oorleef en dat aksie in die vorm van offerandes en bloed die ware wil en karakter van 'n nasie en 'n individu reflekteer.

In hierdie gees verklaar ek myself bereid om te ly vir my nasie en vaderland en, indien nodig, om te sterf daarvoor.

Ek staan voor God en sweer hierdie heilige eed dat ek my Afrikaner nasie en Vaderland getrou sal dien met my hele hart, liggaam en siel in die rigting wat aan my gegee word deur die leier van die Nasionale Sosialistiese rebelle in die persoon van Robey Leibrandt, en niemand anders van nou af tot die dood toe nie.

Onder die leuse: "‘n Vegter mag sterf, maar ‘n verraaier moet sterf", sal ek altyd in alle omstandighede optree, en ek sal elke opdrag ten volle uitvoer. Elke enkele geheim sal ek dra en verdedig met my lewe. Die diepte en erns waarmee ek myself verklaar as 'n Nasionale Sosialistiese Rebel, vind sy uitdrukking in die bloed waarmee ek myself vir altyd verband deur my handtekening. Ek is niks, my nasie is alles, God met ons. Die Vierkleur hoog".

Die Vierkleur was die vlag van Paul Kruger se ou Transvaalse Republiek. Letterlik beteken dit die Vierkleur hoog. In die gees, is die betekenis so ietwat anders, deurdad dit 'n uitroep is om die vlag te laat wapper in die naam van die revolusie.

Dit het 'n wyse van groet geword vir Leibrandt se volgelingen en gepaard gegaan met 'n saluut: die regterarm styf teen die liggaam, die voorarm word dan opgeruk tot ongeveer 45 grade met die palm oop. Soos in Duitsland, is dit gedoen om Hitler en die Nazi Party te salueer.

Bibliografie

Smuts en die Swastika

Alexander Campbell 1943

In the Darkest Germany

Victor Gollancz 1947

The Face of the Third Reich

Joachim C Fest, Penguin 1979

Gedenkboek vir Genl Hertzog

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns: APB 1965

Adolf Hitler

Mein Kampf, Houghton Mifflin 1943

Failure of a Mission

Henderson, Putman 1940

Hitler's Secret Life

Hamlyn, Infield, Glenn 1979

Robey Leibrandt

die Rebel, J H le Roux

UOVS INEG 1976

Die Tweede Rebellie

F W Quass, Afcet 1975

Rex vs Leibrandt

Rep. Van S A Argiewe, Unie geboue

The S A Opposition 1939-1945

Roberts Mand Trollip Longmans 1947

Inside the Third Reich

Albert Speer, Macmillan 1970

Hul paaie het myne gekruis

Hans van Rensburg CAN 1956

O B ... Verraaiers of Patriotte?

G C Cloete, Macmillan 1976

Die Super Afrikaners

Ivor Wilkens en Hans Strydom, Jonathan Ball 1978

World War II Vol 1 & 2

Reader's Digest 1969

The rise and the fall of the Third Reich

William L Shirer, Pan 1964

Vir Volk en Fuhrer, Robey Leibrandt & Operasie Weissdom

Hans Strydom, Manhattan Ball Publishers 1982

Illustrated History of SA "The Real Story"

Reader's Digest 1968

Verloëningsgebed: Ossewa Brandwag

Vader in die Hemel, ek dank U vir U verbond met my. Ek dank U vir U Seun, Messiah Y'shua, wat deur U gestuur is om my te verlos uit die hand van die duiwel. Ek dank U vir die Heilige Gees van YHWH, wat ons lei in alle waarheid.

Ek nader nou U troon van genade, deur die Bloed van Y'shua, my Advokaat en Bemiddelaar. Ek kom om voor U my sonde te bely:

- my betrokkenheid
- en my familie se betrokkenheid by Robey Leibrandt en die Ossewa Brandwag, 'n semi-militêre organisasie gebaseer op die ongoddelike doctrines van Nasionale sosialisme soos ingestel deur Hitler en die Nazi Party.

Ek bely en verleen alle simpatieke proNazi verbondenheid in Y'shua se Naam en ek verleen ons betrokkenheid met die OSSEWA BRANDWAG.

Bloed Eed

Vader, ek bring voor U die ongoddelike eed, geteken deur die lede in hul eie bloed wat die erns van hul verbondenheid aan Hitler en sy verteenwoordiger, Robey Leibrandt verklaar, onder die banier "vir Volk en Fuhrer".

Ek verloën my geloof dat "*Hitler ist ein heiliger*" ("Hitler is 'n redder/heilige"), in die Naam van Y'shua. Ek besef dat ons die gees van die Antichris aanbid het met al sy simboliek:

- die godsdiens van die bloed,
- die grond
- en die swastika van die Derde Ryk.

As nasional sosialistiese rebel het hul huiself verbind tot:

- om die land in totale chaos te bring
- om Genl. Jan Smuts te elimineer en sy vore te ontvoer
- om Sir Ernest Oppenheimer te elimineer asook alle Jode
- om alle myn- en kommersiële belange te verwyder uit die hande van die Jode
- om die Eerste Minister te vermoor,
- en om alle kabinetsministers te arresteer en te ontsetel
- om die mag van die Britse Ryk in SA te verbreek.

Hemelse Vader, in U groot genade, vergewe ons asseblief en wis uit alle dade van woede, moord, rebellie, wraak, terugbetaling en die verspilling van baie onskuldige bloed.

Kanselleer asseblief die demoniese sendings teen ons en bevry ons, die nageslagte, van alle oorlogs- en gevegsgeeste, veral hulle wat bloed-ede vereis. Verwyder asseblief die hekwagte en kanselleer hul aanstellings.

Ek vemietig hierdie altare in die geestesrealms en versoek dat U die kettings verbreek wat ons gevange hou aan hierdie bande van ongeregtheid.

Dankie Vader!

In die magtige Naam van Y'shua vra ek U om gevegs-engele uit te stuur om vir my in te staan en te veg terwyl ek hierdie demoniese mantel teruggee aan Satan. Ek dank U, Vader, dat U die sataniese priesterskap vernietig oor ons lewens.

Bevry ons asseblief van al die nagevolge van hierdie bloed-ede.

Verder bely en verloën ek die geheime eed van lojaliteit wat afgele is deur die binnenring van geharde stormtroepen, geweer met die een hand op die Bybel en die ander op 'n revolver gering op sy bore en 'n ander een gering op sy rug.

Hulle onderneming:

- om getrou alle opdragte onmiddellik uit te voer en onder 'n need van geheimhouding
- om vrywilliglik te sterf in diens van Volk, Vaderland, Hitler en Leibbrandt
- om alle daad van verraad te wreek
- om vrywillig prooi te wees in geval van verraad
- om die dood van 'n mede-stormtroep te wreek
- om hulself te verbind tot daad van sabotasie
- om bankroete uit te voer onder die kode naam "Operasie Karlowa" (Genl. Rudolf Karlowa - die vader van Nazisme in Suid-Afrika)
- om te help met die implementering van Operasie Weissdom wat Suid-Afrika sou oorspoel in 'n opwelling van Nazi-geinspireerde geweld soos uitgevaardig deur Adolf Hitler persoonlik.

Vader, ek verloën al hierdie aktiwiteite as sonde en vra vir vergifnis in die Naam van Y'shua.

Ek verbreek nou hierdie verbond van dood met die Swaard van YHWH se Woord en ek bind en weerstaan die gees van die dood in Y'shua se Naam. Ek bind en weerstaan alle geeste van selfmoord, geweld, bloedvergieting en moord.

Ek sny myself en my familie los van alle geeste van bloedlus, in die magtige Naam van Y'shua.

Ek vra dat alle getuies teen ons verwyder sal word en die Bloed van die Ewige Verbond aangewend sal word op al hierdie goddelose daad, in die Naam van Y'shua.

Verder verloën ek ons betrokkenheid met:

- die Nazi Party en die Thule vereniging; Himmler se SS Party
- die Schwarze Korps, die amptelike orgaan van die SS Swart hempde
- die Abwehr, die intelligensie- en sabotage diens van die Duitse Hoë bevel
- die Dienstalle Ribbentrop, die diplomatieke diens
- Stormjaers / stormtroepe gebaseer op die "Sturmabteilung".

Ek verloën die gees van Wotan en alle altare opgerig vir Wotan in die Naam van Messiah Y'shua van Nasaret.

Ek kanselleer hierdie demoniese priesterskap oor ons lewens in die Naam van Y'shua.

Ek verloën die gees van Horus, die god van oorlog en alle altare opgerig vir sy gees en kanselleer hierdie priesterskap, in Y'shua se Naam.

Ek vra, genadige Hemelse Vader, dat U my sal verlos van elke gevegs- en oorlogsdemoon.

Ontwortel hulle asseblief uit my bloedlyn, verbreek die kettings en vernietig hierdie verbond van ongeregtigheid oor ons lewens, in die magtige Naam van Y'shua.

Dankie Vader!

AMEN!

Afseël gebed NA Bevryding

(vir die berader na Geestelike Oorlogvoering, Berading, ens.)

Hemelse Vader,

Dankie vir die werk wat vandag hier gedoen is. Ons bid teen enige sweepslag, terugslag of oordeel van die vyand, in Y'shua se Naam.

Ons vra Vader, dat U enige ongoddelike gees en sielsbande sal sny wat gevorm is a.g.v. hierdie bevryding wat plaasgevind het; ook enige oordraging wat plaasgevind het tussen hul gees, siel en liggaam na my gees, siel en liggaam. Ons plant die Kruis van Messiah Y'shua tussen myself en die kliënt. Ons dank U dat geen oordraging sal kan plaasvind nie. Ons neem nou omvattende versekering uit vir ons gesinne, alle verhoudinge sowel as alle besittings.

Ons vra dat U hierdie eiendom en hierdie vertrek sal reinig en skoonmaak met die Bloed van Y'shua HaMashiach van Nasaret en U Heilige Vuur, sodat geen demoon homself kan koppel aan enige voorwerp nie, en dat alle mensgeeste en gestorwe mensgeeste verwyder word deur U Geleide Engele na die Voetbank van Y'shua HaMashiach. Ek vra dat alle besoedeling verwyder sal word en weggevee sal word met U Besem van verdelging in Y'shua se Naam.

Vader, ons vra dat U enige waghond- en merker demone wat aangestel is deur die koninkryk van duisternis om die eiendom te merk in die gees vir 'n teenaanval deur astrale projeksie, sal verwyder en plaas onder die Voete van Y'shua HaMashiach.

Ons wil ook die Heerskappy van Y'shua HaMashiach van Nasaret verklaar oor hierdie plek en dat alle openinge afgeseël sal word deur U Bloed. (*Openinge soos: Telefoon, faks, rekenaar, water, riolering, elektrisiteit.*)

AMEN!

<p>Let wel: Onthou om voor VADER te gaan en jouself te stort met die Water van die Woord en in lofprysing en aanbidding te gaan en jouself weer te vul (sien lering oor Mikvah J2F4).</p>
--

SEËN

Númeri 6:24-26

“Y’varekh’kha YHVH v’yishmerekha.

Die HERE sal jou seën en jou behoed.

Ya’er YHVH panav eleikha vichunekka.

die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees.

Yissa YHVH panav eleikha v’yasem l’kha shalom.

die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Númeri 6:27 *“So moet hulle dan **My Naam** op die kinders van Israel lê; en Ek sal hulle SEËN.”*

